
# SAS 5_2025

**Departement Afrikaans en Neerlandistiek**
**Universiteit van Wes-Kaapland**

# 1ste Oproep vir bydraes tot die 5de Sas-byeenkoms op 9-11 Oktober 2025

Die Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland kondig met trots die **5de Sas-byeenkoms** aan. Die Departement word die afgelope 40 jaar met dié simposium verbind wat 'n duidelike spoor in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis gelaat het.

Die eerste Swart Afrikaanse skrywersimposium is op 26 en 27 April 1985 aan die Universiteit van Wes-Kaapland gehou. Die geleentheid was om verskeie redes betekenisvol, onder meer weens die verpolitisering van Afrikaans ná 1948, die kontradiktoriese opbloei van swart skryfwerk teen die agtergrond van teen-apartheid aktivisme, die opkoms van selfpublikasie en klein Afrikaanse literêre tydskrifte in die 1980's.




Tussen 1960 en 1976 was daar géén debute van nie-wit Afrikaanse skrywers nie, 'n feit wat Jakes Gerwel in *Swart Afrikaanse Skrywers* (1986) toeskryf aan die intense verpolitisering van Afrikaans. "Met die vestiging van Afrikaner politieke hegemonie in die Apartheidstaat" het vervreemding tussen Afrikaanssprekendes ingetree "wat in hierdie stilswye gemanifesteer [is]." Ná die taalopstand van 1976 het teenstanders van die apartheidsbeleid na Afrikaans as die "taal van die onderdrukker" verwys, wat tekenend van dié verpolitisering was.

Dit is opvallend dat teen die verwagting in, volgens Hein Willemse in *Aan die ander kant* (2007), "meer swart digters in Afrikaans [sedert die middel-sewentigerjare] as in die voorafgaande vier dekades" publiseer. Die opbloei van digters in die 1970's en 1980's kan toegeskryf word aan uiteenlopende faktore, onder meer die "reële sosiopolitieke stryd", veral in die Wes-Kaap. In 'n tydvak waarin dit vir nie-wit skrywers besonder moeilik was om by hoofstroomuitgewers te publiseer, het dié skrywers volgens Gerwel, hulle gewend tot selfpublikasie of publikasie deur nie-establishment Afrikaanse uitgewerye en efemere Afrikaanse literêre tydskrifte.

Die doel van die eerste simposium en daaropvolgende simposia was om bestek van hierdie letterkundige ontwikkeling te neem. Veral aspirant en gevestigde skrywers is genooi, terwyl akademici oor die aard, uitwerking en toekoms van dié ontwikkeling besin het. **Hierdie doelstelling het sedertdien**


**Navrae en voorleggings: uwk.sas@gmail.com**

**vir elke daaropvolgende simposium gegeld. Dit dien ook as die sentrale doelwit van die 5de Sas-byeenkoms.**

Sedert die eerste simposium is 'n bestekopname van elke tien jaar in die vooruitsig gestel. 'n Bundel met die eerste bydraes is gepubliseer as *Swart Afrikaanse Skrywers* (1986). 'n Verslag van die tweede simposium in September 1995 is gepubliseer as *Die reis na Paternoster* (1997). Die verrigtinge van die derde een wat in Oktober 2005 plaasgevind het, het as *'n Vlag aan die tong*, 'n gedenkbundel in 2015 verskyn. Die verrigtinge van die vierde simposium is in 2015 in 'n aantal tydskrifartikels gepubliseer.

Dié simposia het beduidend bygedra tot die skep van 'n bewustheid oor 'n leemte in die Afrikaanse letterkunde: Behalwe enkele ouer skrywers was die stem van die meerderheid Afrikaanssprekers in die Afrikaanse letterkunde grootliks onhoorbaar. Die klem op "swart Afrikaanse skrywers" waarmee nie-wit skrywers in die generiese en internasionale sin van die woord "swart" bedoel word, het volgens Willemse in *'n Vlag aan die tong* (2015) tot gevolg gehad dat "die 'natuurlike band' tussen 'Afrikaners', 'witheid', 'Afrikanernasionalisme' en 'Afrikaanse letterkunde' verbreek" is.

Die huidige opbloei van skrywers en genres uit agtergronde wat tradisioneel nie met die Afrikaanse letterkunde verbind word nie, is regstreeks te danke aan die monstering van geleenthede en die skep van 'n ontvanklikheid vir sodanige ontwikkelinge.




Sedert 2015 staan die simposium as die **Sas-byeenkoms** bekend waarmee die historiese aanlope gehuldig word en terselfdertyd "vuurwerk" gesuggereer word. "Sas" wat die byeenbring van ontvlambare materiaal is, is 'n geskikte woord, omdat kaalkop-gesprekke oor politieke verset, teenhegemoniese diskoerse, taalvariasie, ambag- en produksiepraktyke die byeenkomste in die verlede gekenmerk het.




Die volgende **Sas-byeenkoms** word vanaf 9-11 Oktober 2025 aangebied. Soos in die verlede is die vertrekpunt 'n bestekopname van "swart skryfwerk in Afrikaans". Deelnemers word uitgenooi om bydraes oor hierdie onderwerp, wat so wyd moontlik geïnterpreteer kan word, te lewer. Deelname behels:

(a) individuele voordragte
(b) paneelaanbiedings
(c) plakkaataanbiedings
(d) kreatiewe aanbiedings

## VOORLEGGINGS

Ons nooi voorleggings uit van skrywers (digters, dramaturge, liriek-, draaiboek- en prosaskrywers, ens.) en kultuur-, taal- en letterkunde-navorsers.

Individuele **navorsingsvoordragte** behels 'n voorlegging van 20 minute met 10 minute bespreking. **Paneelaanbiedings** behels ten minste drie deelnemers met 'n totale tydsduur van 60 minute (15 minute elk en 15 minute bespreking).

Die tydsduur vir **plakkaataanbiedings** is 15 minute, terwyl die tydsduur van **kreatiewe aanbiedings** na oorleg met die sameroepers bepaal sal word.

**Navrae en voorleggings: uwk.sas@gmail.com**

SAS 5
2025

## ABSTRAKTE

Abstrakte met 'n voorlopige titel, drie trefwoorde en 'n opsomming van hoogstens 250 woorde in Afrikaans óf Kaaps óf Engels óf Nederlands moet teen **15 Mei 2025** aan die sameroepers vir keuring voorgelê word.

Die sameroepers sal voorgenome deelnemers teen **15 Junie 2025** in kennis stel van die aanvaarding al dan nie van hul voorstelle.

Inligting oor konferensie-fooie sal in die 2de oproep verskaf word.

## TEMATIESE VERTREKPUNTE

Die volgende temas is rigtinggewend. Die begrip "skryfwerk" hieronder moet wyd geïnterpreteer word en behels alle vorme van geskrewe, mondelinge, musikale en dramatiese vormgewing.

- Die inpassing en geskiedenis van swart Afrikaanse skryfwerk in die Afrikaanse, Suid-Afrikaanse en internasionale kultuurlandskappe;
- Feminisme, geslagtelikheid in die swart Afrikaanse belewing;
- Ekologie in swart Afrikaanse skryfwerk;
- Ambag en produksie in swart Afrikaanse skryfwerk: sosiale media, TV, radio, gedrukte publikasies;
- Taal, skryfwerk en identiteit;
- Taalvariasie, skryfwerk en plek;
- Genre, opvoering, en mondelinge tradisies.

## ADMINISTRATIEWE INLIGTING

**Datum vir indiening van abstrakte:** 15 Mei 2025
**Sas-byeenkoms e-pos:** uwk.sas@gmail.com
**Datum:** 9-11 Oktober 2025
**Plek:** Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
**Sameroepers:** Dr. Marni Bonthuys (mbonthuys@uwc.ac.za)
Prof. Steward van Wyk (svanwyk@uwc.ac.za)

**Navrae en voorleggings: uwk.sas@gmail.com**